**Die Heilige Gees sal julle in alles onderrig**

**Joh 14:25-31**

**23 November 2025**

1. Vantevore: Die Here Jesus het tydens die bovertrekgesprek die dissipels bemoedig vir die periode wat Hy weg is: Hulle kan bid, en Hy sal gee wat hulle vra. Hulle sal die Heilige Gees ontvang. Hulle sal intieme verhouding met aldrie Persone in die Drie-eenheid hê. Hierdie verhouding is intieme liefdesverhouding. Hulle werk saam aan God se plan.
2. Die Here Jesus beloof die Heilige Gees sal die dissipels in alles onderrig (Joh 14:25-26)
    a. Heilige Gees sal die dissipels herinner en onderrig. Dit was nodig, want:
        i. Joh 2:22 – Hulle het nie verstaan dat die Here Jesus se liggaam die tempel is nie
        ii. Joh 12:16 – Hulle het nie die intog in Jerusalem behoorlik verstaan nie
    b. Die inhoud van die herinnering/onderrig van die Heilige Gees:
        i. Net wat die Here Jesus gesê het – wat ook in lyn is met wat die Vader sê – Heilige Gees openbaar dus nie nuwe dinge nie
        ii. Alles wat die Here Jesus gesê het
    c. Dissipels in die bovertrek sou groot dele van die Nuwe Testament skryf, en fondament van die kerk word (vgl Ef 2:19-22)
    d. Heilige Gees werk ook verligtend in alle gelowiges – deur die Woord, geskryf deur dissipels o.l.v. die Heilige Gees
3. Die Here Jesus beloof Hy sal aan Sy dissipels Sy vrede gee (Joh 14:27)
    a. Sy vrede ≠ wêreldse vrede
    b. Ou Testament het al die koms van vrede voorsien:
        i. Mag die Here aan jou vrede gee (Num 6:22), Vredevors (Jes 9:5, 57:19), vredesverbond (Eseg 37:26)
    c. Twee aspekte van Sy vrede:
        i. Vrede met God se plan – al beteken dit moeilike dinge moet hanteer word
        ii. Vrede met God – versoening bewerk deur die Seun
    d. Eerste woorde aan dissipels op Opstandingsondag: "Vrede vir julle" (Joh 20:19-21)
    e. Vrede oortref alle begrip, waak oor harte en gedagtes (Fil 4:7)
4. Die dissipels kan gerus wees met God se doel (Joh 14:28-31)
    a. Die dissipels moes bly gewees het dat die Here Jesus weggaan – want Hy gaan na die Vader
    b. Die Vader is groter as die Seun (v28)
        i. Is die Vader verhewe bo die Seun? (vgl Joh 5:19, 30, 8:29)
        ii. Is die Vader en die Seun gelyk? (vgl Joh 1:1, 18, 5:19, 10:30)
    c. Drie-Eenheid: Drie Persone, Een Wese, een plan, unieke rolle – elke rol is onontbeerlik
    d. V28 bedoel: Vader is in heerlikheid in die hemel vs die Seun is verneder as mens op aarde (vgl Joh 17:5)
    e. Dissipels moes bly gewees het – want wanneer Jesus weggaan, word Hy weer verheerlik
    f. Tyd vir onderrig deur die Here Jesus is verby – heerser van die wêreld is op pad (duiwel, gebruik Judas Iskariot, Jode, Romeine) (v30)
    g. Omdat die Here Jesus verstaan het wat moes gebeur, was Hy bereid om dit tegemoet te gaan (v31)
    h. V31 beteken nie hulle het onmiddelik bovertrek verlaat nie – beteken wel die Here Jesus was gereed om die pad te loop
5. Toepassing
    a. Heilige Gees wek nie net emosies in gelowiges nie – onderrig om God se plan te verstaan
    b. Gebrek aan insig lei tot onkundige teenstand teen God se plan
    c. Bestudeer die Bybel (God se plan) o.l.v. die Heilige Gees – gee insig, bereidheid om ooreenkomstig op te tree